



Baadjies vir 'n WARMWATERSAK

MET BLOMTAKKIE

BENODIGDHEDE: Pingouin-hekelgare Nr. 5, 40 g wit, 40 g rooi; 2,50-mm-hekelpen; breinaalde van 3 mm; vir borduurwerk: paar g bruin, hemelsblou en groen borduurgare.

MATE: Ongeveer 25 cm breed.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; beg - begin; kb - kortbeen; herh - herhaal; lb -

langbeen; st(e) - steek (steke); weersk - weerskante; sp(s) - spasië (spasies); gs - glijpsteek; ks - koussteek, brei 1 ry regs, 1 ry aweregs; hlb - halflangbeen; vlg - volgende; gp(e) - groep (groepe).

AANWYSINGS: Die warmwatersakoor-treksel bestaan uit 'n reghoekige gebreide middelstuk met gehekelde omranding.

GEBREIDE MIDDELSTUK: Met gare dubbel, stel 54 ste op en brei ks vir 46 rye. Heg af.

OMRANDING: Met gare enkel, hekel rondom middelstuk soos volg:

1e rondte: Met wit, kb rondom.

2e rondte: Vir hoeke (1 lb, 3 ks, 1 lb) in dieselfde st, *slaan 1 st oor, 2 lb in vlg lb*, herh van * tot * rondom.

3e rondte: Vir hoeke, met rooi, hekel (2 lb, 3 ks, 2 lb) in dieselfde sp, *2 lb in vlg sp* herh rondom.

4e tot 8e ry: Herh 3e ry.

9e ry: Met wit, oor lang kante en een kort kant, 2 lb in elke sp; knip gare af. **BLAAI OM**

SIERFLAP: (dieselfde vir al drie oortreksels) Aan bokant van oortreksel word nou reguit rye gehekel, heen en weer, soos volg:
1e ry: Met rooi, 2 lb in elke sp, draai (20 gpe).
2e ry: *3 ks, 1 lb in vlg lb, 2 lb in elke sp, 1 lb in laaste sp, draai* (17 gpe).

3e tot 6e ry: Herh 2e ry (8 gpe).

7e ry: *3 ks, 1 lb in dieselfde sp, 2 lb in elke sp, eindig met 2 lb in draai ks.

Van 7e tot en met 11e ry word 1e ry herhaal, maar vermeer 1 st weersk in elke ry.

12e tot 16e ry: Herh 2e ry.

17e ry: 3 ks, 1 lb in elke sp, 1 lb in laaste 3 ks. Heg af.

Beg met 1e ry van sierflap en hekel 1 ry kb reg rondom.

AFWERKING: Met wit, hekel 1 ry kb rondom twee lang kante en een kort kant, steek hekelpen deur voor en agterpant om dit aan mekaar vas te heg, en oor sierflap-rande afsonderlik, hekel kb. Met rooi, hekel 'n koord van ongeveer 70 cm, ryg dit deur gaatjies aan bokant (raadpleeg foto). Borduur blomtak in ketting en satynsteek.

MET STREPE

BENODIGDHEDE: Pingouin-hekelgare Nr. 5, 50 g turkoois, paar g bruin, paar g ligbruin, paar g geel; hekelpen van 2,50 mm.

MATE: Soos eerste patroon.

AFKORTINGS: Soos eerste patroon.

AANWYSINGS: Hekel heen en weer; met bruin, 68 ks.

1e ry: 1 kb in elke ks.

Vlg rye: Deurgaans kb, soos volg: *2 rye ligbruin, 2 rye geel, 2 rye turkoois, 2 rye bruin*; herh 5 keer altesaam, eindig laaste herh met 1 ry bruin.

Met bruin, hekel kb rondom; knip bruin af.

Met turkoois, hekel 1 rondte kb.

Vlg rondte: Om hoeke te vorm (2 lb, 3 ks, 2 lb) in dieselfde st, *slaan 1 st oor, 2 lb in vlg st*; herh van * tot * rondom.

2e rondte: Vir hoeke (2 lb, 3 ks, 2 lb) in dieselfde sp, 2 lb in vlg sp*; herh rondom.

3e tot 6e rondte: Herh 2e rondte.

SIERFLAP: Soos 1e patroon.

Hekel 1 ry turkoois rondom, knip turkoois af.

Hekel 'n tweede pant op dieselfde wyse.

AFWERKING: Met ligbruin, hekel 1 ry oor 2 lang kante en 1 kort kant, steek hekelpen deur altwee pante om dit aan mekaar vas te hekel; oor boonste rande hekel 2 rye kb oor elke flap afsonderlik. Draai 'n koord van ongeveer 70 cm lank met 2 drade bruin, 2 geel, 2 turkoois en 2 ligbruin. Ryg koord deur onderkant van sierflap (raadpleeg foto) en bind vas.

MET BLOKKIES

BENODIGDHEDE: Pingouin hekelgare Nr. 5, 60 g hemelsblou, paar g geel, paar g goudgeel; hekelpen van 2,50 mm.

MATE: Soos eerste patroon.

AFKORTINGS: Soos eerste patroon.

AANWYSINGS: Dié oortreksel word saamgestel van 12 vierkante vir elke pant,

vier in die lengte en drie in die breedte, wat met naald en gare aan mekaar vasgewerk word en dan met hekelwerk omrand word.

VIKANT: Met hemelsblou, hekel 6 ks en gs om ring te vorm.

1e rondte: 12 hlb in ring.

2e rondte: Om hoeke te vorm, met geel hekel (2 lb, 2 ks, 2 lb) in dieselfde st; *2 lb in elk van vlg 2 ste; herh van * 4 keer.

3e rondte: Om hoeke te vorm, met goudgeel hekel (2 lb, 2 ks, 2 lb) in dieselfde sp, *slaan 1 lb oor, 2 lb tussen lb; herh 3 keer, herh van * rondom.

4e rondte: Om hoeke te vorm, met hemelsblou hekel (2 lb, 2 ks, 2 lb) in dieselfde sp, *slaan 2 lb oor, 2 lb tussen 2 lb, herh 4 keer*; herh van * tot * rondom. Knip draad af.

Hekel 12 sulke vierkante en werk dit aan mekaar vas met naald en gare, 4 x 3 vierkante vir elke pant.

Hekel nou rondom soos volg:

1e rondte: Om hoeke te vorm, met hemelsblou (2 lb, 2 ks, 2 lb) in dieselfde sp, *slaan 2 lb oor, 2 lb tussen lb; herh van * rondom.

2e rondte: Vir hoeke (2 lb, 2 ks, 2 lb) in dieselfde sp, *slaan 2 lb oor, 2 lb tussen lb; herh rondom.

3e rondte: Herh 2e rondte, maar hekel 5 lb in hoeke.

Hekel sierflap soos uiteengesit vir 1e patroon.

AFWERKING: Met goudgeel, hekel die twee pante aan mekaar vas deur 1 ry kb rondom te hekel en steek hekelpen deur albei pante; hekel om elke flap afsonderlik.

Maak 'n koord van ongeveer 60 cm lank, ryg dit deur gaatjies aan onderkant van flap en bind vas.



Die boodskap is in mokassin.

Wau! Mokassins. Bata-modieus. Elegansie met Apache-grasie. Smaakvolle suède. Lieflike kleure. Dit neem alle lande in soos 'n veldbrand. Lieflike kleure. Braves sal jou ver in die wêreld bring.



Gun jou vrye voetjies 'n paar Braves.